

Laurik International

BUENOS AIRES · ARGENTINIË

Oktober 2026

Die Boere in Patagonië | 125 jaar later

’n Reis na die Boere in Patagonië — en na die Walliese valleie, die walviskus en, vir dié wat verder gaan, die Andes daaragter. Argentinië, 1902–2027

31 Maart – 8 April 2027 9 dae Opsionele verlenging deur Patagonië tot 12 April

Beperk tot 24 reisigers

Georganiseer deur Laurik International, Buenos Aires

Buenos Aires
2 nagte

Comodoro Rivadavia
4 nagte

Puerto Madryn
2 nagte

VERLENGING
Esquel & Trevelin
2 nagte

Bariloche
2 nagte

Die Boere in Patagonië: waarom hierdie reis, en waarom 2027

Daar is ’n uithoek van Argentinië waar jy, as jy aan die regte kombuistafel gaan sit, melktert aangebied word en in Afrikaans aangespreek word. Nie die Afrikaans van Pretoria nie: ’n vorm wat al honderd vyf-en-twintig jaar lank op die Patagoniese steppe gepraat word, en wat stil-stil sy eie pad geloop het.



Die monument De Sudáfrica a la Patagonia by Rada Tilly: ’n ossewa tussen twee kaarte, en die name van die gesinne van 1902.

Kort ná die Anglo-Boereoorlog, in 1902, het gesinne uit Transvaal en die Vrystaat oor die Suid-Atlantiese Oseaan gevaar om van voor af te begin in ’n land wat byna niemand van hulle ooit gesien het nie. Die eerste Boere in Patagonië het op 4 Junie 1902 aan wal gestap by wat vandag Comodoro Rivadavia is; groter groepe het in 1903, 1905 en 1907 gevolg. Hulle het hulle in die droë binneland gevestig — Manantiales Behr, Pampa del Castillo, Río Chico, Sarmiento — en met skape geboer, want skape was wat daardie grond kon dra.

Hulle nakomelinge is nog daar, en hulle kom nog bymekaar. Dit is een van die minder bekende migrasies van die twintigste eeu, en daar is nog bitter min oor hulle geskryf.

Die jaar 2027 is 125 jaar ná daardie eerste landing. Ons reis vroeg in April, wanneer die nakomelinge se vereniging, die Colectividad Sudafricana del Chubut, sy tradisionele Aprilviering hou — wat in 2027 ook die vereniging se eie 35ste bestaansjaar merk.

Dit is nie ’n bustoer wat stilhou om na mense te kyk nie. Drie van ons nege dae word aan die nakomelinge van die pioniersgesinne gewy — om hulle te ontmoet, na hulle te luister, en aan hul tafel te sit. Jy het nie ’n Boerevan nodig om daardeur geraak te word nie; net belangstelling in wat met ’n volk, en ’n taal, gebeur wanneer hulle na die oorkant van ’n oseaan verplant word.

Die res van die reis plaas daardie verhaal in sy landskap: die monument by Rada Tilly, die olievelde wat Comodoro se lot verander het, die versteende woude naby Sarmiento, die Walliese kapelle van die Chubut-vallei, en die olifantrobkolonies van Península Valdés. Vir dié wat verder wil gaan, loop ’n opsionele verlenging wes oor die steppe na die Walliese meule van Trevelin, die woude van Los Alerces en die mere van Bariloche.

Ons beperk die groep tot 24 mense. Met ’n groter groep is hierdie soort ontmoeting eenvoudig nie moontlik nie.

Hoe die reis inmekaarsit

Die reis word in twee dele aangebied, sodat jy self kan kies hoe lank jy reis.

Die hoofreis — 31 Maart tot 8 April, nege dae — is die hart daarvan: Buenos Aires, vier dae in en om Comodoro Rivadavia saam met die nakomelinge van die Boere-setlaars, met die herdenkingsviering op Sondag 4 April en ’n dag die binneland in na Sarmiento, en dan die Walliese vallei en Península Valdés op pad noord. Dit eindig met ’n oggendvlug van Trelew na Buenos Aires, betyds vir die aandvlug huis toe.

Die verlenging deur Patagonië — 8 tot 12 April, vier nagte langer — is vir dié wat die Andes wil sien. In plaas daarvan om van Trelew af huis toe te vlieg, ry die verlengingsgroep per bus verder wes na Esquel en Trevelin, deur die Los Alerces Nasionale Park, en tot by Bariloche, waarvandaan hulle op 12 April huis toe vlieg. Dit kan net saam met die hoofreis geneem word.

Korter byvoegings na Iguazú, Mendoza en die Perito Moreno-gletser kan by enige van die twee gevoeg word, en word op bladsy 9 beskryf.

Die hoofreis — Comodoro en die kus

Woensdag 31 Maart – Donderdag 8 April 2027 · 9 dae / 8 nagte

Dag 1 — Woensdag 31 Maart

Aankoms in Buenos Aires

Jou private vervoer ontmoet jou by die Ezeiza Internasionale Lughawe en bring jou na ons hotel in die hart van die stad. Die middag is vry om te rus en die vlug af te stap.

Die aand kom ons bymekaar vir ’n verwelkoming. Oor ’n glas Argentynse wyn sit ons die geskiedenis uiteen wat ons kom volg, met ’n kort film wat saam met die gemeenskap in Chubut gemaak is.

> **Cyan Américas Towers, Libertad 1070** — ’n gemaklike, goed bestuurde hotel, sentraal geleë, binne loopafstand van die Teatro Colón, Avenida 9 de Julio en die rand van Recoleta.

Dag 2 — Donderdag 1 April

Historiese Buenos Aires en tango

’n Rustige private toer deur die hart van die stad: Plaza de Mayo, die keistrate van San Telmo, en die geverfde huise van die ou hawebuurt La Boca.

Buenos Aires was ook die Boere se eerste aankomshawe. Die pioniersgesinne het hier van die Kaap af aangekom voordat hulle aan boord van die vlootskip 1° de Mayo suid na die kus van Chubut gevaar het — dieselfde reis, in omgekeerde volgorde, wat ons môreoggend per vliegtuig aanpak.

Die aand ’n Argentynse asado met ’n intieme tangovertoning.

> **Cyan Américas Towers**



San Telmo, die ou buurt van Buenos Aires.

Dag 3 — Vrydag 2 April

Suid na Comodoro Rivadavia, en die eerste gedenkplaat

’n Vroeë begin: die oggendvlug vanaf Aeroparque vertrek om 07:15 en bring ons voor tien in Comodoro Rivadavia aan. Ons sê liewer nou al dat ons sowat vyfuur die oggend by die hotel vertrek; dit koop vir ons ’n hele middag aan die kus waar die verhaal begin.

Nadat ons ingeboek het, ry ons die kort entjie na Rada Tilly, die stil kusdorpie net suid van Comodoro, om die monument De Sudáfrica a la Patagonia te besoek. Sy gegraveerde plate dra die name van die oorspronklike gesinne van 1902 en 1903. Vir die meeste reisigers is dit die oomblik waarop die geskiedenis ophou ’n storie wees en ’n lys vanne word — waarvan sommige hul eie sal wees.

> **Austral Hotel, Moreno 725** — ’n gemaklike, goed onderhoude hotel in die middel van Comodoro Rivadavia, ’n kort entjie van die seefront, met ruim kamers en ’n eie restaurant. Ons tuiste vir vier nagte.



Rada Tilly, onder die kranse suid van Comodoro Rivadavia.

Dag 4 — Saterdag 3 April

Comodoro, en ’n dag saam met die gemeenskap

Die hele dag word aan die nakomelinge van die pioniersgesinne gewy.

Ons bring dit saam met hulle deur, by hul bymekaarkomplekke, en in die historiese buurte en die ou Astra-oliekamp. Daar is familiefoto’s, dokumente en voorwerpe wat oor vyf geslagte sorgvuldig bewaar is, en daar is die stories wat daarmee saamgaan. Daar is ’n gedeelde tafel — melktert, koeksisters, en kos wat ’n oseaan en ’n eeu oorleef het.

In die loop van die dag besoek ons ook die Museo Nacional del Petróleo, gebou om die historiese Pozo N° 2. Die verhaal wat dit vertel, hoort meer by hierdie reis as wat dit mag lyk: dit was die setlaars se soeke na water wat die eerste boorwerk hier laat begin het, en in 1907 het die bore olie in plaas van water gekry. Die streek was nooit weer dieselfde nie.

Wat op hierdie dag gebeur, hang af van die gesinne wat ons ontmoet, nie van ons nie. Dit is doelbewus, en dit is die rede waarom die dag werk.

> **Austral Hotel**

Dag 5 — Sondag 4 April

Die herdenkingsviering

Die sentrale dag van die 125ste herdenkingsjaar.

Die oggend begin met ’n tweetalige gedenkdiens in die Iglesia Reformada van Comodoro Rivadavia — die gemeente wat die Boere-setlaars in 1912 formeel gestig het, en wat daardie draad sedertdien vasgehou het.

Die middag hoop ons om die nakomelinge se tradisionele herdenkingsbyeenkoms by te woon, wat vanjaar saamval met hul vereniging se 35ste bestaansjaar — aanbiedings, musiek, en ’n gedenktee. Die byeenkoms is die gemeenskap se eie, en ons woon dit as hul gaste by.

Vir die meeste mense wat hierdie reis aanpak, is dit die dag waarvoor hulle gekom het.

> **Austral Hotel**



Die Iglesia Reformada, Comodoro Rivadavia — die gemeente wat die setlaars in 1912 formeel gestig het.

Dag 6 — Maandag 5 April


Sarmiento: oertyd, en Afrikaans in die namiddag

’n Vol dag die binneland in na Sarmiento, die hart van die Boere se boerderynedersetting, sowat 150 kilometer elke kant toe oor die steppe wat die pioniersgesinne per ossewa oorgesteek het. Dit is ’n lang dag, en ons sê dit reguit; dit is ook die dag wat die hele verhaal in sy landskap plaas.

Ons stap tussen die versteende stamme van die Bosque Petrificado José Ormachea, sowat dertig kilometer suid van die dorp — ’n maklike roete deur kleilandskappe van buitengewone kleur — en kyk uit oor die diepblou van Lago Musters, wat die streek se dorpe van water voorsien, teenoor die droë bedding van die naburige Colhué Huapi. Waar die dag en ons gashere dit toelaat, loer ons in by ’n werkende chacra van ’n gesin van Boere-afkoms, op die grond wat hul oupagrootjies oopgemaak het.

In Sarmiento self hoop ons om by Die Kleep bymekaar te kom, die Afrikaanse koffiehuis wat deur derdegeslag-nakomeling Graciela Águila Hammond gestig is, vir soetkos en die seldsame plesier van ’n geselsie in Patagoniese Afrikaans, voor die rit terug kus toe in die aandlig.

> **Austral Hotel**



Die kleilandskappe van die Bosque Petrificado José Ormachea, suid van Sarmiento.



Versteende stamme op die hange — die oorblyfsels van 'n woud van tienmiljoene jare gelede.

Dag 7 — Dinsdag 6 April

Roete 3 noordwaarts, en die Walliese vallei


Ons verlaat Comodoro en ry noord op Nasionale Roete 3, sowat vyf uur deur oop steppe, met stilhouplekke soos die landskap dit vra.

Die middag draai ons in die groen strook van die laer Chubut-vallei in by Gaiman, waar Walliese setlaars 'n geslag vóór die Boere aangekom het en 'n besproeide boerderygemeenskap met sy eie taal, kapelle en skole gebou het. Ons besoek die rooibaksteenkapelle en geniet 'n egte Walliese middagtee in 'n stil omgewing langs die rivier.

Die Walliese verhaal is hier met 'n rede: twee migrantevolke, dieselfde geslag, dieselfde provinsie, heel verskillende antwoorde op dieselfde grond. Dit is juis die vergelyking wat albei verhale verstaanbaar maak.

Verder na Puerto Madryn aan die oewer van Golfo Nuevo. Aandete by Cantina El Náutico, 'n instelling in Puerto Madryn sedert 1963, bekend vir sy seekos en sy gasvryheid.

> **Dazzler by Wyndham Puerto Madryn, Boulevard Almirante Brown 637** — direk op die seefrontboulevard, met die strand en die dorp se restaurante 'n paar treë van die deur af. Verskeie kamers kyk uit oor die baai.



Capel Bethel, Gaiman, gebou in 1913.

Dag 8 — Woensdag 7 April

Península Valdés

’n Vol dag in die UNESCO-wêrelderfenisreservaat Península Valdés, uit na Punta Delgada en Caleta Valdés, met ’n gelisensieerde plaaslike gids.

Die suidelike noordkapers sal vroeg in April nie in hierdie baaie wees nie — ons sê dit liewer reguit as om jou daarop te laat hoop. Wat jy wél sal sien, is die groot kolonies olifantrobbe en seeleeus op die gruisstrande onder die kranse, Magellaanse pikkewyne, guanaco’s en nandoes op die steppe, en ’n kuslyn wat jou laat verstaan hoekom dit so moeilik was om die binneland te vestig.

Die aand ’n afskeidsete in Puerto Madryn vir dié wat môre huis toe vlieg.

> **Dazzler by Wyndham Puerto Madryn**




Orkas op jag by Punta Norte. Hul seisoen loop tot in April, maar ’n mens sien hulle nie altyd nie.

Dag 9 — Donderdag 8 April

Huis toe, of verder

Private vervoer na Trelew se lughawe vir die oggendvlug na Buenos Aires, wat net voor elf by Aeroparque land. Ons neem jou deur die stad na Ezeiza vir die internasionale aandvlug, met tyd vir ’n laaste middagete in Buenos Aires op pad.

Dié wat met die verlenging deur Patagonië voortgaan, bly op die bus, en die reis gaan wes verder.



Die Atlantiese Oseaan teen skemer aan die kus van Chubut.

Die verlenging deur Patagonië — Esquel, Los Alerces en Bariloche

Donderdag 8 April – Maandag 12 April 2027 · 4 nagte langer · net saam met die hoofreis

Dag 9 — Donderdag 8 April

Oor die steppe na die Andes

In plaas van die lughawe, die pad. Ons verlaat Puerto Madryn vroeg en volg die Chubutrivier wes op Nasionale Roete 25 — Dolavon, Los Altares, Paso de Indios — terwyl die droë steppe stap vir stap plek maak vir die Andes se voorheuwels. Dit is die enigste lang padrit van die reis, sowat 650 kilometer met skilderagtige stilhouplekke en rusplekke, en die landskap maak dit die moeite werd.

Aandete in Esquel by Don Chiquino, 'n geliefde plaaslike eetplek bekend vir tuisgemaakte pasta en sy Patagoniese lamlasagne.

> **Hostería El Coirón, Avenida Ameghino 1883, Esquel** — 'n bekoorlike, silwerskoon berghostería met hartlike, hulpvaardige personeel. 'n Welkome gerief ná die oortog.

Dag 10 — Vrydag 9 April

Trevelin en die Walliese meule

'n Kort en pragtige rit in die Wallies-gevestigde vallei van Trevelin in.

Ons besoek die Molino Harinero Nant Fach, 'n ten volle werkende watergedrewe meelmeul wat die vroeë boerderylewe van die Walliese setlaars herskep — die bergteenhanger van die Boereplase op die steppe. Daar is tyd om die landelike omgewing te verken, met 'n opsionele besoek aan 'n plaaslike chacra of wingerd.

Ons sluit die middag af met 'n tradisionele Walliese tee by Nain Maggie: sjokoladekoek met koffieversiersel, en gekruide Bara Brith.



Die waterwiel by Nant Fach, Trevelin.

> **Hostería El Coirón**

Dag 11 — Saterdag 10 April


Deur Los Alerces na Bariloche

Noord op Nasionale Roete 40, sowat vyf uur, maar op die stadige manier — deur die hart van die Los Alerces Nasionale Park eerder as langs die vinnige pad. Hier maak die droë wêreld uiteindelik plek vir groen. Valdiviese woud sluit om jou toe, die mere word gletserturkoois, en ons hou stil om rustig langs rivieroewers te stap in van die skoonste lug op aarde.

> **NH Bariloche Edelweiss, San Martín 202** — in die middel van Bariloche, twee blokke van die oewer van die Nahuel Huapi-meer en 'n kort entjie van die sjokoladewinkels in die hoofstraat. Die hotel het 'n binnenshuise swembad, en 'n aantal kamers kyk uit oor die meer.



Aandlig op ’n meeroewer in die Los Alerces Nasionale Park.



’n Waterval in die Valdiviese woud, Los Alerces.

Dag 12 — Sondag 11 April

Bariloche

Die klassieke Circuito Chico om die Llao Llao-skiereiland, met die stoelhyser teen Cerro Campanario op vir een van die mees gefotografeerde meeruitsigte in Suid-Amerika.

Die middag is vry vir Bariloche se Alpynse strate en sy sjokolademakers. Die aand kom ons bymekaar vir ’n afskeidsete by die Cervecería Patagonia aan die meer — streekbiere, meerforel, stadig gaargemaakte wildsvleis — en neem ons tyd saam om terug te kyk op wat die reis gebring het.

> **NH Bariloche Edelweiss**

Dag 13 — Maandag 12 April

Huis toe

Private vervoer na Bariloche se lughawe vir die oggendvlug na Buenos Aires, wat halfelf by Aeroparque land. Ons neem jou deur die stad na Ezeiza vir die internasionale aandvlug.

Dié wat Mendoza of El Calafate byvoeg, vlieg eerder van Bariloche af verder.

Opsionele byvoegings

Elke byvoeging word afsonderlik gekwoteer en kan deur individuele reisigers bespreek word eerder as deur die hele groep. Pryse is op aanvraag beskikbaar.

Iguazú-watervalle — 2 nagte

Vóór die reis (aankoms in Buenos Aires op 29 Maart) of ná enige van die twee dele. Twee dae by die grootste watervalstelsel ter wêreld, met die Argentynse loopbrûe na die Garganta del Diablo en die uitsig van die Brasiliaanse kant af.

Mendoza — wyn, olyfolie en die Andes — 3 nagte

Vanaf Buenos Aires ná die hoofreis, of vanaf Bariloche ná die verlenging. ’n Woestynoase gebou op Andes-smeltwater: ’n private stadstoer, ’n vol dag in die wingerde van Luján de Cuyo, en ’n dag op die olyfolieroete met ’n tuinete tussen die bome.

El Calafate en die Perito Moreno-gletser — 3 nagte

Vanaf Bariloche ná die verlenging. ’n Vol dag by die Perito Moreno-gletser, op die loopbrûe wat jou tot binne ’n paar honderd meter van ’n ysmuur van sowat sestig meter hoog bring, met die opsie van ’n bootbenadering. Vir die meeste reisigers wat so ver kom, is dit die een byvoeging wat geen verduideliking nodig het nie.

Prys

Pryse is per persoon in Amerikaanse dollar, in ’n dubbel- of twinkamer. Vlugte is by geen van die twee pryse ingesluit nie, en word hieronder verduidelik.

DIE HOOFREIS · 31 MAART – 8 APRIL

USD 2 950 per persoon

deelkamer. Enkeltoeslag USD 650. Gegrond op ’n minimum van 16 deelnemers; hoogstens 24.

DIE VERLENGING DEUR PATAGONIË · 8 – 12 APRIL

USD 1 950 per persoon

deelkamer, bykomend tot die hoofreis. Enkeltoeslag USD 350. Gegrond op ’n minimum van 12 deelnemers; hoogstens 16.

Die prys sluit in

- Alle verblyf soos gelys, bed en ontbyt — 8 nagte op die hoofreis, 4 nagte langer op die verlenging
- Alle lughawe- en hotelvervoer in Argentinië
- ’n Toegewyde private bus met bestuurder vir die Patagoniese roete
- Die begeleide stadstoer van Buenos Aires en die verwelkoming
- Die voldag-uitstappie na Península Valdés, met parktoegang en gelisensieerde plaaslike gids
- Die Sarmiento-dag en alle toegangsgelde in die daaglikse program
- Twee Laurik International-koördineerders deurgaans, wat in Afrikaans, Engels en Spaans tolk

Binnelandse vlugte in Argentinië

Die vlugte binne Argentinië word deur ons vir die hele groep bespreek en teen kosprys gehef, afsonderlik van die prys hierbo, sodat jy presies sien wat dit kos. As riglyn: Buenos Aires–Comodoro Rivadavia op 2 April, sowat USD 200; Trelew–Buenos Aires op 8 April, sowat USD 180. Dié op die verlenging vlieg eerder Bariloche–Buenos Aires op 12 April, sowat USD 150.

Internasionale vlugte

Internasionale vlugte is nie ingesluit nie. Deelnemers reis van Suid-Afrika na Buenos Aires via São Paulo, en sowel LATAM Airlines as South African Airways bedryf hierdie roete — elkeen vlieg sonder tussenlanding van Johannesburg na São Paulo, met ’n aansluiting na Buenos Aires. South African Airways bied ook dienste van Kaapstad na São Paulo.

Bloot as riglyn was die retoertarief onlangs in die omgewing van R19 000 per persoon vanaf Johannesburg; vertrekke vanaf Kaapstad is gewoonlik ietwat hoër. Ons help graag met vlugbesprekings op versoek, of jy kan self bespreek.

Ons aankoms op Woensdag 31 Maart val in die week voor Paasfees, en ons beveel aan dat internasionale vlugte vroeg bespreek word.

Besprekings

’n Deposito van USD 1 000 per persoon bevestig jou plek; die saldo is betaalbaar teen 14 Februarie 2027. Plekke word toegeken in volgorde van bevestigde deposito. Die verlenging word bevestig sodra dit 12 deelnemers bereik.

’n Woord oor etes

Ontbyt is elke dag ingesluit. Ander etes is nie by die prys ingesluit nie, en ons sê dit liewer reguit as om jou later te verras.

Die restaurante en teehuise wat in hierdie program genoem word, is deel van die ervaring wat ons gebou het, en ons koördineerders bespreek dit en sit saam met jou aan. Wat jy by die tafel betaal, is die ete self en jou eie drankies. Die gemeenskapsetes in Comodoro en Sarmiento word deur die gemeenskap aangebied, as hul gasvryheid, en is nie ’n kommersiële deel van hierdie toer nie.

Bepalings en voorwaardes

1. Aard van die program

Dit is ’n begeleide groeptoer wat deur Laurik International, Buenos Aires, georganiseer word. Laurik International tree op as organiseerder en koördineerder en kontrakteer hotelle, vervoeroperateurs, restaurante en ander verskaffers namens deelnemers.

2. Groepgrootte

Die hoofreis is ontwerp vir hoogstens 24 deelnemers en vereis ’n minimum van 16 om teen die gekwoteerde prys aangebied te word. Die verlenging deur Patagonië is beperk tot 16 deelnemers en vereis ’n minimum van 12. Indien een van die twee dele nie sy minimum bereik nie, sal Laurik International óf ’n hersiene prys aanbied óf die deposito’s wat vir daardie deel betaal is ten volle terugbetaal, na keuse van die deelnemer.

3. Pryse

Pryse word per persoon in Amerikaanse dollar gekwoteer en is gegrond op koste, wisselkoerse, belastings en verskaffertariewe soos op die datum van kwotasie. Pryse bly onderhewig aan aanpassing totdat die toer bevestig en volle betaling ontvang is. Enige styging in derdepartykoste — insluitend vliegtariewe, brandstofheffings, staatsbelastings, park- en museumtariewe, of wesenlike wisselkoersbewegings — kan oorgedra word. Deelnemers sal onverwyld van enige sodanige verandering in kennis gestel word.

4. Verblyf

Hotelle word genoem as ons beoogde verblyf. Waar ’n genoemde hotel onbeskikbaar raak, behou ons die reg voor om verblyf van vergelykbare standaard in dieselfde omgewing te vervang. Pryse is gegrond op twee persone wat ’n kamer deel; enkelverblyf is teen die aangeduide toeslag beskikbaar.

5. Vlugte

Internasionale en binnelandse vliegtariewe is nie by die gekwoteerde pryse ingesluit nie. Binnelandse vlugte in Argentinië word deur Laurik International namens die groep bespreek en teen kosprys gefaktureer; die tariewe in hierdie program is ramings en onderhewig aan die lugredery se tarief ten tyde van bespreking. Deelnemers is self verantwoordelik vir hul internasionale vlugte en behoort dit nie te bespreek voordat Laurik International bevestig het dat die toer sal plaasvind nie.

6. Etes

Ontbyt is daagliks by alle hotelle ingesluit. Geen ander etes is by die prys ingesluit nie. Die restaurante, teehuise en gemeenskapsbyeenkomste wat in die daaglikse program beskryf word, is deel van die ervaring wat ons ontwerp het, en ons koördineerders reël besprekings en vergesel die groep, maar die koste van hierdie etes, saam met alle drankies, is direk deur deelnemers betaalbaar. Gemeenskapsetes wat deur die Colectividad Sudafricana del Chubut aangebied word, is die gemeenskap se eie gasvryheid en nie ’n kommersiële diens van hierdie toer nie.

7. Veranderings aan die reisplan

Die gepubliseerde reisplan weerspieël ons voornemens en is nie ’n kontraktuele waarborg nie. Laurik International behou die reg voor om die volgorde van besoeke te verander, aktiwiteite met ander van gelykwaardige belang te vervang, of die roete aan te pas waar dit nodig of raadsaam is om redes van veiligheid, weer, padtoestande, beskikbaarheid van verskaffers, herskedulering van vlugte, of die welstand van die groep. Patagonië is ’n streek van lang afstande, gruispaaie en veranderlike weer, en ’n mate van buigsaamheid is inherent aan reise van hierdie aard.

8. Gemeenskapsgeleenthede

Die gedenkdiens en herdenkingsvierings in Comodoro Rivadavia word deur die Colectividad Sudafricana del Chubut en sy verbonde gemeente georganiseer, nie deur Laurik International nie. Hul program, tye en inhoud bly geheel en al na die gemeenskap se goeddunke en kan verander. Deelnemers woon dit as genooide gaste by en word versoek om die gemeenskap se wense rakende fotografie, opnames en privaatheid te respekteer.

Bepalings en voorwaardes (vervolg)

9. Oormag

Laurik International is nie aanspreeklik vir enige versuim of vertraging in uitvoering, of vir enige gevolglike verlies of uitgawe, wat voortspruit uit omstandighede buite sy redelike beheer nie. Dit sluit sonder beperking in: natuurrampe; uiterste of ongunstige weer; brand, oorstroming, aardbewing, vulkaniese aktiwiteit of ander natuurramp; epidemie, pandemie of openbare gesondheidsmaatreëls; oorlog, burgerlike onrus, terrorisme of dreigement daarvan; stakings, nywerheidsoptrede of vervoerontwrigting; sluiting van paaie of parke; wysigings, kansellasies of insolvensie van lugrederye; grenssluitings, toegangsbeperkings of veranderings in visumvereistes; en enige handeling of beperking van ’n regerings- of openbare owerheid. Waar sulke omstandighede ontstaan, sal ons alle redelike pogings aanwend om geskikte alternatiewe reëlings te tref, maar enige onverhaalbare derdepartykoste bly die verantwoordelikheid van die deelnemer.

10. Reisversekering

Omvattende reisversekering is ’n voorwaarde vir deelname. Dekking moet mediese behandeling en hospitalisasie, noodontruiming en repatriasie, kansellasie en verkorting van die reis, en bagasie insluit. Bewys van dekking moet voor vertrek verskaf word. Gegewe die afgeleënheid van dele van die roete, beskou ons voldoende mediese en ontruimingsdekking as noodsaaklik eerder as opsioneel.

11. Gesondheid en fiksheid

Die toer behels stap op ongelyke grond, gruispaadjies en loopbrûe, ’n paar lang padreise, en, op die verlenging, hoogteveranderings in die Andes. Deelnemers behoort in redelike algemene gesondheid te wees en sonder hulp te kan beweeg. Stel ons asseblief vooraf in kennis van enige toestand, mobiliteitsbeperking of dieetvereiste sodat ons dienooreenkomstig kan beplan.

12. Paspoorte en visums

Deelnemers is verantwoordelik vir ’n geldige paspoort met voldoende oorblywende geldigheid en leë bladsye, en vir die verkryging van enige visum of deurgangsvisum wat vir Argentinië en enige deurreisland vereis word. Ons adviseer graag, maar kan geen verantwoordelikheid aanvaar indien toegang geweier word nie.

13. Kansellasie deur die deelnemer

Kansellasies moet skriftelik ontvang word. Die deposito is nie terugbetaalbaar sodra verskaffers bevestig is nie. Kansellasiekoste daarna beloop 50% van die prys van die dele wat bespreek is. Deelnemers word sterk aangemoedig om op hul reisversekering staat te maak vir verhaalbare kansellasiekoste.

14. Nie ingesluit nie

Internasionale en binnelandse vliegtariewe en verwante belastings; reisversekering; visumgelde; etes buiten ontbyt; alle drankies; opsionele uitstappies en byvoegings; wasgoed; telefoon, internet en ander persoonlike uitgawes; fooitjies; en enigiets wat nie uitdruklik as ingesluit gelys is nie.

15. Wild en natuurlike besienswaardighede

Waarnemings van wild kan nie gewaarborg word nie. In die besonder is suidelike noordkapers in hierdie tyd van die jaar nie in die waters van Península Valdés teenwoordig nie; olifantrobbe, seeleeus en Magellaanse pikkewyne word gewoonlik gesien, onderhewig aan natuurlike wisseling.

16. Toepaslike reg

Hierdie bepalings word beheer deur die wette van die Republiek van Argentinië.


Navrae en besprekings

Lic. Hendrik J. Jordaan

Laurik International — Consultancy Department
Buenos Aires, Argentinië

consultancy@laurik.com.ar
+54 9 11 6274 5888 (WhatsApp)
laurik.com.ar

Laurik International bou al sedert 2005 brûe tussen Suid-Amerika en Suider-Afrika — landboutoere, erfenisreise, en die lang verhoudings wat daarop volg. Ons is nie ’n reisagentskap nie. Ons is die mense wat albei kante van hierdie verhaal ken, in albei tale, en wat langs jou sal staan wanneer jy die gesinne in Chubut ontmoet.



Die baai by Rada Tilly, waar die verhaal van die Boere in Patagonië begin.

Foto’s: Laurik International; San Telmo, Capel Bethel, Rada Tilly en Punta Norte via Wikimedia Commons (CC BY-SA), met erkenning aan die fotograwe.